

**Paul Kruger
in Mosambiek,
September - Oktober 1900**

*O.J.O. Ferreira**

Inleiding

Verskeie historici en skrywers het hulle in die verlede skerp uitgelaat oor die slegte behandeling wat president Paul Kruger tydens sy ongeveer maandlange verblyf gedurende September-Oktober 1900 in Lourenço Marques van die Portugese owerheid ontvang het. Volgens hulle is hy “feitlik soos ’n gevangene”, “soos ’n gevangene” of “soos ’n krygsgevangene” behandel, of was hy “feitlik onder huisarres”.¹ Dit het byna ’n refrein geword word wanneer daar na Kruger se verblyf in Lourenço Marques verwys word en het waarskynlik sy oorsprong in die gedenkskrifte van Paul Kruger, waarvan die oorspronklike Nederlandse uitgawe in 1902 in Amsterdam verskyn het.²

Onberispelik was die Portugese se optrede teenoor die President sekerlik nie, maar van openlike vyandigheid en ’n gebrek aan empatie was daar ook nie sprake nie. Dokumente in Portugese argiewe en Portugese publikasies toon trouens aan dat daar van Portugese kant ’n besonder simpatieke houding jeens Kruger bestaan het en dat hy “soos ’n gevangene” behandel is om ander redes as wat gewoonlik aangevoer word.

* Cobus Ferreira is ’n honorêre professor in die Departement Historiese en Erfenisstudies aan die Universiteit van Pretoria en is veral in die verhouding tussen Portugal en Suid-Afrika geïnteresseerd.

1. J.P. la G. Lombard, *Paul Kruger, die Volksman* (J.L. van Schaik, Pretoria, 1925), pp 213-214; P.J. Viljoen, *Die Lewe van Paul Kruger* (J.H. de Bussy, Pretoria, 1938), p 127; G.D. Scholtz, *Europa en die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902* (Voortrekkerpers, Johannesburg & Pretoria, 1939), p 112; J.I. Rademeyer, *Paul Kruger* (Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg, 1962), p 101; A.G. Oberholster (red.), *Dagboek van H.C. Bredell, 1900-1904* (RGN, Pretoria, 1972), p 2; C. de Jong, *Koningin Wilhelmina en Suid-Afrika* (Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria, 1980), p 7; M. van Bart, “Portugese Goewerneur in Mosambiek was Britse Lakei”, *Bylae by Die Burger*, 16 September 2000, p iii.
2. H.C. Bredell en P. Grobler, *Gedenkskrifte van Paul Kruger* (J.L. van Schaik, Pretoria, 1947), p 178; D.W. Krüger en C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek III* (RGN, Pretoria, 1977), p 105.

Wat hierna volg, is 'n poging om Kruger se ooswaartse uitwyking voor die Britse magte en sy lotgevalle tydens sy verblyf in Lourenço Marques te rekonstrueer omdat daar in die talle biografiese publikasies oor hom en in boeke wat oor hierdie fase van die Anglo-Boereoorlog handel, oor die algemeen net terloops na hierdie aanloop tot en aanvangsfase van sy ballingskap verwys word.

Vertrek uit Pretoria

Die Anglo-Boereoorlog het op 11 Oktober 1899, die dag na president S.J.P. Kruger se vier-en-sewentigste verjaardag, uitbreek. Die President was in Pretoria omdat hy weens sy ouderdom nie aktief aan die oorlog kon deelneem nie.³ Die Boeremagte kon nie daarin slaag om die oprukkende Britse magte te verhinder om Bloemfontein op 13 Maart 1900 sonder teenstand in te neem, op 28 Mei 1900 die Vaalrivier oor te steek en Johannesburg op 31 Mei 1900 te beset nie.⁴ Tydens die laaste formele sitting van die Volksraad van die ZAR, wat van 7 tot 9 Mei 1900 in Pretoria plaasgevind het, is gewigtige besluite oor die toekoms van die Republiek geneem, onder meer dat die hoofstad nie verdedig sou word nie en dat die President en sy regering daarom so gou moontlik na 'n veiliger plek moes uitwyk. Dié besluite van die Volksraad is op 29 Mei 1900 tydens 'n sitting van die Uitvoerende Raad formeel bekragtig.⁵ Niemand behalwe die binnekring was daarvan bewus dat nie alleen die President nie, maar ook die Transvaalse regering die hoofstad sou verlaat nie.⁶ Alle voorbereidings vir die uitwyking is "strikt confidencieel" getref.⁷

Dieselfde dag, 29 Mei 1900, het die uur van afskeid vir president Kruger en sy eggenote, Gezina, aangebreek, want haar gesondheid het haar nie toegelaat om hom te vergesel nie. Sy was bedlënd en hy het alleen van haar in hulle slaapkamer afskeid geneem. Na sonder het

-
3. E. Grobler, *President S.J.P. Kruger in Ballingskap in Clarens, Switzerland* (Kruger Museum, Pretoria, 2004), pp 8-9.
 4. A. Wessels, *Die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902: 'n Oorsig van die Militêre Verloop van die Stryd* (Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein, 1991), pp 26, 28.
 5. B. Theron, *Pretoria at War, 1899-1900* (Protea Book House, Pretoria, 2000), pp 233-236; T. Pakenham, *Die Boere-oorlog* (Jonathan Ball Uitgewers, Johannesburg, 1981), p 451; D.W. Krüger, *Paul Kruger II* (Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg, 1963), pp 256-257.
 6. J. Fisher, *Paul Kruger: His Life and Times* (Secker & Warburg, London, 1974), pp 230-231.
 7. B. Theron, *Pretoria at War, 1899-1900*, p 234.

hulle mekaar gegroet, min wetende dat hulle mekaar nooit weer sou sien nie. Sy het in die presidentswoning agtergebly en sou deur haar dogter en skoonseun, F.C. Eloff (senior), versorg word.⁸ Ietwat meer as 'n jaar later, op 20 Julie 1901, sou Gezina Kruger in Pretoria sterf, terwyl haar man 'n banneling in Europa was.⁹

Saam met Kruger het enkele amptenare, sowel as dokter Guillaume Marie Albert Heymans, sy Belgiese lyfarts; Frederik Christoffel (Frikkie) Eloff (junior), sy kleinseun en private sekretaris; Hermanus Christiaan (Manie) Bredell, sy ander private sekretaris en lyfwag; en A.H.J. Happé, sy Nederlandse lyfbediende, vertrek.¹⁰

Omdat Bredell insidente op Pretoria se stasie te wagte was, het die geselskap in die skemerte met die President se persoonlike landauer, getrek deur vier perde en begelei deur 'n berede polisie-eskort, deur die stad na Eerste Fabrieken gegaan. Daarvandaan het hulle in die nag met die Delagoabaaispoorlyn na Middelburg gereis, dáár oornag en die volgende dag na Machadodorp vertrek.¹¹ Hier het die President in sy salonspoorwa gewoon en sy lewe was, vir sover dit sy werksaamhede betref, baie soos dié in Pretoria. 'n Telegraafstoel het dit vir Kruger moontlik gemaak om voortdurend telegramme te ontvang en te stuur waarin hy die burgers te velde aangemoedig het om met die stryd vol te hou.¹²

Machadodorp as regeringsetel

Kort na sy aankoms op Machadodorp, het die President 'n proklamasie uitgevaardig waardeur Machadodorp op 5 Junie 1900, dit wil sê op dieselfde dag waarop Pretoria sonder teenstand deur die Britte beset is,

-
8. D.W. Krüger, *Paul Kruger II*, p 257; J. Fisher, *Paul Kruger: His Life and Times*, p 231.
 9. W.J. de Kock, *Die Krügerhuis, Pretoria* (Transvaal Museum, Pretoria, 1949), p 17.
 10. A.G. Oberholster (red.), *Dagboek van H.C. Bredell, 1900-1904*, pp 1, 8; D.W. Krüger, *Paul Kruger II*, p 257.
 11. H.C. Bredell en P. Grobler, *Gedenkskrifte van Paul Kruger*, pp 172-173; D.W. Krüger, *Paul Kruger II*, p 257; J. Malan, W. Louw en W.J. de Kock, *Die Krugerhuismuseum, Pretoria* (Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria, 1977), p 59; A.G. Oberholster (red), *Dagboek van H.C. Bredell, 1900-1904*, p 8.
 12. H.C. Bredell en P. Grobler, *Gedenkskrifte van Paul Kruger*, p 173; J. Fisher, *Paul Kruger: His Life and Times*, p 230; J. Malan, W. Louw en W.J. de Kock, *Die Krugerhuismuseum, Pretoria*, p 60.

voorlopig tot regeringsetel uitgeroep is. Kruger en sy gevolg het in die spoorwaens gebly en dit was een van H.C. Bredell se take om die spoorwaens met die goud, geld en ammunisie, asook die rytuig van die President, te bewaak. Die staatsgeld wat met hierdie trein vervoer is, het later tot die mite van en soeke na die sogenaamde Krugermiljoene aanleiding gegee.¹³ Die President het ook vir 'n kort rukkie in 'n huis op Machadodorp gewoon. Die Historiese Monumentekommisjie het in 1962 'n brons plaket daaraan aangebring om Kruger se verblyf in die huis te gedenk.¹⁴

Geleidelik het 'n diepe neerslagtigheid die President beetgepak nadat hy verneem het van burgers wat hulle wapens neergelê het. Bowendien het sy oë 'n chroniese ontsteking van die bindvliese gehad wat gedurig deur dokter Heymans behandel moes word. Sy sombere gemoedstoestand het op 31 Mei 1900 in 'n telegram aan president M.T. Steyn neerslag gevind. Hy het versoek dat hy en sy ampsgenoot 'n dringende samespreking oor die algemene krygstoestand moes hou omdat slegs 'n klein gedeelte van die burgers bereid was om die stryd voort te sit. Vir Steyn was die telegram 'n verrassing. In daardie stadium was dit nie vir hom moontlik om na Machadodorp te gaan nie. Verder was die oorgrote meerderheid Vrystaatse burgers van mening dat die stryd voortgesit moes word. Steyn en generaal C.R. de Wet se vasberadenheid het Kruger nuwe moed gegee, sodat hy op 7 Junie 1900 'n kragtige proklamasie uitgevaardig het teen die Britse leerleiding se pogings om die burgers tot wapenmeerlegging oor te haal.¹⁵

Stanley L. Hollis, die Amerikaanse konsul in Lourenço Marques, was sterk pro-Boergesind en het 'n goeie verhouding met president Kruger opgebou terwyl hy as Amerikaanse konsul in Pretoria waargeneem het. Hy het die President kort na sy aankoms op Machadodorp besoek. Dit sou later blyk dat die President Hollis versoek het om daarheen te kom en hom gevra het of hy, indien nodig, die beskerming van die Amerikaanse konsulaat in Lourenço Marques kon

-
13. D.J. Potgieter (ed), *Standard Encyclopaedia of Southern Africa* VII (Nasou Limited, Cape Town, 1972), p 92; A.G. Oberholster (red.), *Dagboek van H.C. Bredell, 1900-1904*, p 8. Vergelyk ook D.W. Krüger, *Die Krugermiljoene* (Perskor-Uitgewery, Johannesburg, 1979); A.P. de Lima, *Os Milhões de Kruger* (Minerva Central, Lourenço Marques, 1963); A.P. de Lima, *Na Pisto do Tesouro de Kruger (Factos, Angústias e Desilusões)* (Minerva Central, Lourenço Marques, 1963).
 14. B.P.J. Erasmus, *Op Pad in Suid-Afrika* (Jonathan Ball Uitgewers, Jeppestown, 2004), p 285.
 15. D.W. Krüger, *Paul Kruger II*, pp 257-259.

opsoek. Hollis het Kruger se versoek aan die Amerikaanse regering oorgedra, wat geantwoord het dat die konsulaat nie oor die magte beskik het om asiel te verleen nie, maar dat Kruger nietemin vriendelik ontvang kon word.¹⁶

Op Machadodorp, een van die koudste plekke in Transvaal, het dit spoedig geblyk dat die winterklimaat te koud vir die President was, sodat hy ongeveer 'n maand later op 30 Junie 1900 na Waterval-Onder, die skilderagtige dorpie met sy milde winterklimaat, verhuis het. Hier is 'n klein, maar "een aangenaam huisje" gehuur en so gerieflik moontlik vir die President ingerig. Die huisie is later "Krugerhof" genoem en in 1962 deur die Historiese Monumentekommissie as nasionale gedenkwaardigheid geproklameer. Machadodorp was steeds die regeringsetel en die regeringslede self het daar gebly, maar staatsekretaris F.W. Reitz het elke dag per trein na Waterval-Onder gereis om daar met Kruger te konfereer. Die sittings van die Uitvoerende Raad is ook daar gehou.¹⁷

Uit dokumente in die Arquivo Histórico Ultramarino in Lissabon is dit duidelik dat die regering van die ZAR reeds teen 10 Augustus 1900 met die Portugese regering in verbinding was oor die moontlike uitwyking van president Kruger na Mosambiek, want op daardie datum het die Portugese Minister van Oorsese Gebiede, António Eduardo Augusto Villça, 'n telegram aan die Goewerneur-generaal van Mosambiek, kolonel Joaquim José Machado, gestuur, waarin verwys is na die voorwaardes waaronder die President op Portugese grondgebied toegelaat sou word, dat hy vanweë sy ouderdom en posisie beskerming sou geniet, en dat die datum, bestemming en vorm van vervoer vir sy vertrek uit Lourenço Marques met die Portugese owerheid uitgeklaar moes word.¹⁸ Machado het geantwoord dat Kruger waarskynlik aan boord van 'n Franse stoomskip sou vertrek, maar dat dit in daardie stadium onmoontlik was om te sê wanneer hy die Mosambiekse grens sou

-
16. L. Changuion, *Uncle Sam, Oom Paul en John Bull* (Protea Boekhuis, Pretoria, 2001), pp 45, 47, 81-82, 160-161.
 17. D.W. Krüger, *Paul Kruger II*, p 257; J. Fisher, *Paul Kruger: His Life and Times*, pp 231-232; H.C. Bredell en P. Grobler, *Gedenkskrifte van Paul Kruger*, pp 173-174; A.G. Oberholster (red.), *Dagboek van H.C. Bredell, 1900-1904*, pp 8-9; J.J. Oberholster, *Die Historiese Monumente van Suid-Afrika* (Kultuurstigting Rembrandt van Rijn, Kaapstad, 1972), p 335; B.P.J. Erasmus, *Op Pad in Suid-Afrika*, p 286.
 18. Arquivo Histórico Ultramarino (hierna AHU), Lisboa: Pasta 1147 Moçambique: Registo de Telegramas, p 25: Ministro do Ultramar, Lisboa – Governador Geral, Moçambique, 10 Agosto 1900.

oorsteek en wanneer hy sou vertrek.¹⁹ In 'n volgende telegram het die Minister weer beklemtoon dat Kruger vanweë sy ouderdom en posisie in die samelewing met respek behandel moes word, maar het daaraan toegevoeg dat dit nie beteken dat hy soos 'n staatshoof ontvang moes word nie. Kruger kon na enige Europese hawe vertrek, maar sou nie toegelaat word om na 'n ander bestemming te gaan²⁰ of met 'n Portugese skip te reis nie²¹ – waarskynlik uit vrees dat Britse oorlogsskepe 'n skip met die President aan boord sou aanval.

Nadat Pretoria deur die Britse magte ingeneem is, het generaal J.D.P. French die Britse opmars ooswaarts gelei, 'n beweging wat met sir Redvers Buller se opmars vanuit Natal gekoördineer is. Op 27 Julie 1900 het French Middelburg ingeneem.²² Die Britse opmars is eers teen 21 Augustus 1900 deur generaal Louis Botha met ongeveer 5 000 man in die omgewing van Bergendal (ook bekend as Dalmanutha) gestuit. Die geveg – die laaste stellingsgeveg van die oorlog – het tot op 27 Augustus 1900 voortgeduur toe die Britte met 'n oormag van 20 000 man tydens hulle hoofaanval daarin geslaag het om die Boere ooswaarts te verdryf.²³ Dié Britse deurbraak by Dalmanutha het die regering van die ZAR en die Boerekommando's in 'n moeilike posisie geplaas en sou uiteindelik president Kruger se afreis na Europa meebring.²⁴

Op 25 Augustus 1900 het president M.T. Steyn met 'n lang omweg by Machadodorp aangekom om met staatsekretaris F.W. Reitz en generaal Schalk W. Burger samesprekings te voer. Na ete het die aanwesiges na Waterval-Onder gegaan om met Kruger te beraadslaag. Dit was duidelik dat die Boere nie daarin kon slaag om die Britse oormag te stuit nie.²⁵

-
19. AHU: Pasta 1147 Moçambique: Registo de Telegramas, pp 25-26: Governador Geral – Ministro do Ultramar, 11 Agosto 1900.
 20. AHU: Pasta 1147 Moçambique: Registo de Telegramas, p 26: Ministro do Ultramar – Governador Geral, 12 Agosto 1900.
 21. AHU: Pasta 1147 Moçambique: Registo de Telegramas, p 26: Ministro do Ultramar – Governador Geral, 14 Agosto 1900.
 22. A. Wessels, *Die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, pp 28-29.
 23. F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (Don Nelson, Kaapstad, 1985), p 29; A. Wessels, *Die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, pp 28-29; C. Kruger, *Anglo-Boereoorlog, 1899-1902: die Wat, Wanneer en Wie van die Boere se Stryd* (FAK, Lynnwoodrif, 1999), p 30.
 24. F. Pretorius, *Kommandolewe Tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (Human & Rousseau, Kaapstad & Johannesburg, 1991), p 37.
 25. D.W. Krüger, *Paul Kruger II*, pp 259-260; B. Farwell, *The Great Boer War* (Allen Lane, London, 1977), p 310.

Machadodorp het sy status as regeringsetel behou tot op 27 Augustus 1900, toe die plek deur sir Redvers Buller gebombardeer is, die regeringslede na Waterval-Onder uitgewyk het, by president Kruger aangesluit het en Machadodorp die volgende dag deur die Britse magte ingeneem is.²⁶ Op 28 Augustus 1900 het die Uitvoerende Raad op Waterval-Onder besluit dat president Kruger na Europa moes gaan sodat hy nie in die hande van die Engelse sou val nie. Op daardie dag het sy ballingskap dus eintlik begin.²⁷

Nelspruit word die regeringsetel

Nadat sir Redvers Buller Machadodorp op 28 Augustus 1900 beset het, het die regeringsetel van die ZAR na Nelspruit verskuif en voortaan sou Kruger se salonwa die woning van die President wees.²⁸

Omdat die Britse opperbevelhebber van oordeel was dat die Transvalers na die nederlaag tydens die slag van Bergendal (Dalmanutha) alle weerstand sou staak, het hy op 1 September 1900 die ZAR tot Britse gebied geproklameer. President Kruger het op 3 September 1900 met 'n teenproklamasie gekom waarin onder meer gestaan het:

... daarom is dit dat ek, Stephanus Johannes Paulus Kruger, staatspresident van die Zuid-Afrikaanse Republiek, op advies en met toestemming van die Uitvoerende Raad, ... namens die onafhanklike volk van die Zuid-Afrikaanse Republiek, hiermee proklameer dat die gemelde anneksasie nie erken word nie, en word dit hiermee verklaar van nul en gener waarde te wees. ... Die volk van die Zuid-Afrikaanse Republiek is en bly 'n vrye en onafhanklike volk en weier om hom te onderwerp aan die Britse gesag.²⁹

Daarvolgens sou die oorlog voortgesit word. Dit het gelei tot die totale reorganisasie van die kommando's in kleiner eenhede en die aanwending van die guerillataktiek.³⁰

-
26. D.J. Potgieter (ed), *Standard Encyclopaedia of Southern Africa* VII, p 92.
 27. F. Pretorius, "Voorwoord", in E. Grobler, *President S.J.P. Kruger in Ballingskap in Clarens, Switserland*, p iii.
 28. D.W. Krüger, *Paul Kruger* II, p 260; O.J.O. Ferreira, "Generaal Joaquim José Machado, die Man na Wie Machadodorp Vernoem is", *Militaria*, 18, 3, 1988, p 14.
 29. H.C. Bredell en P. Grobler, *Gedenkskrifte van Paul Kruger*, pp 174-175.
 30. D.W. Krüger, *Paul Kruger* II, p 260.

Op 10 September 1900 het die regering van die ZAR, in oorleg met die regering van die Oranje-Vrystaat, op Nelspruit ook besluit dat president Kruger se leeftyd en sy swaarlywigheid hom nie toegelaat het om perd te ry en by die burgers in die veld te bly nie, maar dat hy vir ses maande met verlof na Europa moes gaan; enersyds om te verhoed dat die waardige ou staatshoof as krygsgevangene in die hande van die Britte sou val, omdat dit 'n te groot morele oorwinning vir die vyand sou wees, en andersyds – as politieke troefkaart – om deur sy teenwoordigheid in Europa die Boeresak by die Europese moondhede te bevorder. Generaal Schalk W. Burger, die vise-president, sou in Kruger se afwesigheid as hoof van die regering optree. Die ses maande verlof sou later twee keer verleng word; eers vir nog drie maande en daarna vir 'n onbepaalde tydperk.³¹

Die aand van 10 September 1900 het die President op Nelspruit van sy volksgenote afskeid geneem. Sy afskeid van die Kommandant-generaal, Louis Botha, was roerend, te meer nog omdat laasgenoemde siek gelê het aan koors wat hy in die Laeveld opgedoen het. Dié nag het die President op Krokodilpoort, die eerste stasie ten ooste van Nelspruit, deurgebring.³²

Die aand van 10 September 1900 was kaptein Carlos Roma Machado de Faria e Maia, die bestuurder van Openbare Werke in Mosambiek en in daardie stadium ook waarnemende bestuurder van die spoorwegmaatskappy Caminho de Ferro de Lourenço Marques, rustig tuis in sy huis in Lourenço Marques toe twee besoekers onverwags by hom opgedaag het. Hulle was die Nederlander, T.W.L. Steinmetz, hoof van verkeer van die Nederlandsch-Zuid-Afrikaanse Spoorweg-Maatschappij, en Monjardim Costa, administratiewe-sekretaris van die Caminho de Ferro de Lourenço Marques. Steinmetz het De Faria e Maia meegedeel dat president Paul Kruger die presidentskap van die ZAR aan Schalk W. Burger oorgedra het en onderweg na Europa was. Die President

-
31. C. Beyers, "Laaste Lewensjare en Heengaan van President Kruger", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 14, 1, 1941, pp 25-26; D.W. Krüger, *Paul Kruger II*, pp 260-261, 19; C.J.S. Strydom, *Ruitervuur: Dramatiese Hoogtepunte van die Boereoorlog* (Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1970), p 127; J.C. Moll (red.), *F.W. Reitz – Outobiografie* (Tafelberg, Kaapstad, 1978), p 44.
32. H.C. Bredell en P. Grobler, *Gedenkskrifte van Paul Kruger*, pp 176-177; G. du Plessis, *Die President en Ek: Herinneringe aan President Paul Kruger deur Magdalena Eloff* (Tafelberg, Kaapstad, 1971), p 61; A.G. Oberholster (red.), *Dagboek van H.C. Bredell, 1900-1904*, p 9.

wou weet of hy toegelaat sou word om deur Lourenço Marques na Europa te vertrek.³³

Kaptein De Faria e Maia het besluit om die saak met sy vriend die Goewerneur-generaal van Mosambiek, kolonel Joaquim José Machado, te bespreek. Die Goewerneur-generaal was reeds volledig ingelig omtrent die aangeleentheid en het in opdrag van die Portugese regering beveel dat die bejaarde Kruger op 'n waardige wyse by die grens ontvang moes word (maar nie as President van die ZAR nie) en dat oor sy veiligheid gewaak moes word.³⁴ Die Portugese polisie was naamlik bekommerd dat van die Britse ekstremiste in Lourenço Marques dalk sou voorkom dat president Kruger Europa bereik.³⁵ Kaptein De Faria e Maia het die Goewerneur-generaal verlaat met streng bevele dat hy daarvoor moes sorg dat Kruger veilig sou wees terwyl hy op Portugese grondgebied was omdat dit die prestige van Portugal internasionaal ernstig sou skaad indien die President iets sou oorkom.³⁶

Met T.W.L. Steinmetz is ooreengekom dat 'n klein bietjie misleiding moes plaasvind. In plaas daarvan dat die President in sy persoonlike spoorwegwa na Lourenço Marques sou reis, moes hy die rit in die private spoorwagsalon van Steinmetz onderneem.³⁷

-
33. C.R.M. de Faria e Maia, *Nostalgia Africana; Verdicas Narrativas* (Of. Fernandes, Lisboa, 1936), p 4; C.R.M. de Faria e Maia, *Guerra Anglo-Boer de 1899-1902 na Fronteira de Lourenço Marques e de Gaza* (Tip. da Coimbra Editoria, Coimbra, 1943), pp 9-10; I. Rocha, "Lourenço Marques e a Guerra Anglo-Boer (1899-1902)", *História* (Portugal), 9, 103, Dezembro 1987, p 16; A.P. de Lima, *Na Pista do Tesouro de Kruger*, p 64; D. de Klerk, *The Boers in Portugal* (Execução Gráfica de Mirandela & Co., Lisbon, 1985), p 95.
 34. C.R.M. de Faria e Maia, *Guerra Anglo-Boer de 1899-1902*, pp 10, 20; A.P. de Lima, *Na Pista do Tesouro de Kruger*, p 64; D. de Klerk, *The Boers in Portugal*, p 95; I. Rocha, "Lourenço Marques e a Guerra Anglo-Boer (1899-1902)", *História* (Portugal), 9, 103, Dezembro 1987, p 16.
 35. F. Costa, *Portugal e a Guerra Anglo-Boer: Política Externa e Opinião Pública (1899-1902)* (Edições Cosmos, Lisboa, 1998), p 37; D. de Klerk, *The Boers in Portugal*, p 95.
 36. C.R.M. de Faria e Maia, *Nostalgia Africana*, pp 4-5; C.R.M. de Faria e Maia, *Guerra Anglo-Boer de 1899-1902*, p 10; D. de Klerk, *The Boers in Portugal*, p 95.
 37. C.R.M. de Faria e Maia, *Nostalgia Africana*, p 5; C.R.M. de Faria e Maia, *Guerra Anglo-Boer de 1899-1902*, p 10; A.P. de Lima, *Na Pista do Tesouro de Kruger*, p 64; D. de Klerk, *The Boers in Portugal*, p 95.

Treinreis na Lourenço Marques

Van Krokodilpoort het die President dus teen omstreeks 09:00 die oggend van 11 September 1900 in die spoorwegwa van Steinmetz gereis.³⁸ Op Hectorspruit aangekom, was Steinmetz persoonlik daar om die nodige reëlings vir die President en sy gevolg se reis na Lourenço Marques te tref. Op Hectorspruit is daar 'n paar uur op president M.T. Steyn en andere gewag en het hulle vir oulaas 'n gesprek met president Kruger gehad. Die namiddag het die twee ampsgenote, Kruger en Steyn, daar van mekaar afskeid geneem. Daarna het Kruger en sy gevolg in die woorde van Bredell “onder zeer treurigen omstandigheden” vertrek.³⁹

Net voordat die trein die Mosambiekse grens oorgesteek het, het generaal J. Coetzer aan die President gevra of hy die brug agter hom moes opblaas, waarop Kruger volgens oorlewering in sy laaste woorde op vaderlandse grond geantwoord het: “Nee, daar was alreeds genoeg verwoesting.”⁴⁰ Later, toe Kruger al in Lourenço Marques was, het gerugte die ronde gedoen dat die Boere onder bevel van generaal Coetzer van plan was om die spoorwegbrug by Komatipoort op te blaas. Vir goewerneur-generaal Joaquim Machado, vroeër die ingenieur wat betrokke by die aanlê van die Delagoabaai-spoorlyn was, was dit 'n hartseer saak. Machado het dus besluit om sy ou vriend, Paul Kruger, te besoek en hom te vra om dit te verhoed. Tydens hulle ontmoeting het die President uit dankbaarheid vir die gasvriendelikheid wat die Portugese owerheid aan hom betoon het, beloop om die Boere by Komatipoort te versoek om nie die brug te vernietig nie en 'n brief in dier voege aan generaal Coetzer te skryf. Dié brief het inderdaad daartoe gelei dat die brug nie deur Coetzer opgeblaas is nie.⁴¹

Teen 17:30 op 11 September 1900, het president Kruger die grens by Komatipoort onderweg na Lourenço Marques oorgesteek. In Steinmetz se salonwa het die President, dokter Heymans, Manie Bredell

-
38. H.C. Bredell en P. Grobler, *Gedenkskrifte van Paul Kruger*, p 177; A.G. Oberholster (red.), *Dagboek van H.C. Bredell, 1900-1904*, p 9.
39. H.C. Bredell en P. Grobler, *Gedenkskrifte van Paul Kruger*, p 177; D.W. Krüger, *Paul Kruger II*, p 261; A.G. Oberholster (red.), *Dagboek van H.C. Bredell, 1900-1904*, p 11.
40. J. Fisher, *Paul Kruger: His Life and Times*, p 235.
41. C.R.M. de Faria e Maia, *Nostalgia Africana*, pp 19-24; I. Rocha, “Lourenço Marques e a Guerra Anglo-Boer (1899-1902)”, *História* (Portugal), 9, 103, Dezembro 1987, p 21; D. de Klerk, *The Boers in Portugal*, pp 96-97, 99-100; R. Kruger, *Good-bye Dolly Gray; a History of the Anglo-Boer War* (Nel Mentor Books, London, 1967), p 358.

en Frikkie Eloff (junior) gesit. Die President het sy pyp gerook. In sy oë was daar trane. Kruger was ietwat rusteloos en het voortdurend die blindings van die salonwa opgetrek om die landskap vir oulaas te kan sien, maar iemand op die trein – waarskynlik Bredell – het die blindings ter wille van sy veiligheid weer toegetrek.⁴²

Op Ressano Garcia, die eerste stasie aan die Mosambiekse kant van die grens, het die waarnemende bestuurder van die Portugese spoorweë, Carlos Roma Machado de Faria e Maia, beheer van die trein oorgeneem. 'n Beter lokomotief, met 'n ander masjien, is voor die spoorwegwaens gehaak en wit lyfwagte en swart polisiemanne is op die trein geplaas om vir die veiligheid van die President te sorg. Ander passasiers op hierdie trein was militêre attaché's van Frankryk, Duitsland en Amerika, asook 'n groepie Transvaalse burgers. Na die vertrek van Ressano Garcia het die spesiale trein, vooruitgegaan deur twee lokomotiewe wat verkenningwerk op die spoorlyn moes doen, sonder om by enige stasie stil te hou en sonder enige voorval na Lourenço Marques voortgesnel.⁴³

Paul Kruger se aankoms in Lourenço Marques teen omstreeks 20:00 op 11 September 1900 was nie heeltemal onverwags nie,⁴⁴ want 'n polisiemag onder bevel van die polisiehoof was op die stasie aanwesig.⁴⁵ Op die stasie is die trein waarmee Kruger gereis het op 'n sypoor gerangeer. Dié spoor het tot by die destydse Rua Dom Carlos (later Avenida da República en sedert 1975 Avenida 25 de Setembro) geloop, waar die President deur die Konsul-generaal van die Zuid-Afrikaansche Republiek, Gerard Pott, ontvang is en waarvandaan die President teen 20:45 onder die dekking van die nagskemerte ongemerk met perdekarre na Vila Jónia, die woning van die Konsul-generaal, geneem is.⁴⁶

-
42. F. Costa, *Portugal e a Guerra Anglo-Boer*, p 37; D.W. Krüger, *Paul Kruger II*, p 261; D. de Klerk, *The Boers in Portugal*, pp 95-96; C.R.M. de Faria e Maia, *Nostalgia Africana*, p 7.
43. C.R.M. de Faria e Maia, *Nostalgia Africana*, pp 5-7; C.R.M. de Faria e Maia, *Guerra Anglo-Boer de 1899-1902*, pp 11-12; E. de Noronha, *Memorias do Presidente Kruger Contadas por Elle Proprio* (Tipographia Universal, Lisboa, 1902), p 219; AHU: Pasta 1147 Moçambique: Registo de Telegramas, p 36: Governador Geral – Ministro do Ultramar, 12 Setembro 1900.
44. A.G. Oberholster (red.), *Dagboek van H.C. Bredell, 1900-1904*, p 9; D.W. Krüger, *Paul Kruger II*, p 262; C.R.M. de Faria e Maia, *Guerra Anglo-Boer de 1899-1902*, p 24.
45. A.P. de Lima, *Na Pista do Tesouro de Kruger*, p 65.
46. H.C. Bredell en P. Grobler, *Gedenkskrifte van Paul Kruger*, p 177; J. Fisher, *Paul Kruger: His Life and Times*, p 236; A.G. Oberholster (red.), *Dagboek van H.C. Bredell, 1900-1904*, p 9; M. Nathan, *Paul Kruger: His Life and Times* (Knox Publishing Company, Durban, 1944), p 462; C.R.M. de Faria e

Die aankoms van president Kruger in Lourenço Marques het ongetwyfeld opgewondenheid in Portugese geledere veroorsaak omdat hulle aanvanklik nie geweet het hoe om die situasie te hanteer nie. Die volgende dag het die Portugese kabinet egter versigtig besluit om op grond van sy ouderdom en amp aan die President politieke asiel te verleen. Hulle het verantwoordelikheid daarvoor aanvaar om hom te beskerm en oor sy veiligheid te waak, maar dan moes hy in die Goewernewoning bly.⁴⁷

Rol van die Britse konsul-generaal in Lourenço Marques

Sedert die begin van die Anglo-Boereoorlog was die Britse konsulaat in Lourenço Marques die middelpunt van intrige en spioenasie. Die Britse konsul, A. Carnegie Ross, was liggelowig en amateuragtig en het die wildste gerugte aangaande president Kruger na die Buitelandse Kantoor in Londen gesein.⁴⁸ Vroeg in Mei 1900 het die Britse regering Ross met die beter ingeligte konsul-generaal Fritz H.E. Crowe vervang. Hy was 'n beroepsdiplomaat wat sy land se belange op 'n bekwame wyse behartig het. Hy was die hoof van die uitgebreide Britse spioenasienetwerk en het deur druk op die Portugese plaaslike administrasie uit te oefen, enige smokkelhandel in oorlogskontrabande van Europa na Transvaal ernstig belemmer. Hy het ook druk op die Portugese owerheid probeer uitoefen om hulle van hulle neutraliteit te laat afsien.⁴⁹

Crowe het die Britse regering noukeurig aangaande Kruger se bewegings ingelig van die oomblik af dat hy die Mosambiekse grens oorgesteek het. Volgens D.W. Krüger was dit danksy Crowe se bemoeiinge dat die President se persoonlike vryheid byna van die eerste oomblik af aan bande gelê is en hy verplig is om sy intrek in die Goewernewoning te neem.⁵⁰ Die Britse owerheid en die Britse konsul-generaal in Lourenço Marques was ongelukkig oor president Kruger se verblyf in Pott se woning omdat hulle van mening was dat hy

Maia, *Nostalgia Africana*, pp 7-8; C.R.M. de Faria e Maia, *Guerra Anglo-Boer de 1899-1902*, pp 12-13; A.P. de Lima, *Os Milhões de Kruger*, pp 45, 73; A.P. de Lima, *Na Pista do Tesouro de Kruger*, pp 65-66.

47. AHU: Pasta 1147 Moçambique: Registo de Telegramas, p 37: Ministro do Ultramar – Governador Geral, 12 Setembro 1900; D. de Klerk, *The Boers in Portugal*, pp 25-26.

48. D.W. Krüger, *Paul Kruger II*, p 262.

49. D.W. Krüger, *Paul Kruger II*, pp 262-263.

50. D.W. Krüger, *Paul Kruger II*, p 263.

Lourenço Marques as basis vir die voortsetting van die stryd teen die Britse magte sou gebruik indien hy toegelaat sou word om daar te bly.⁵¹ Daar was ook gerugte dat die Britte probeer het om die Portugese owerheid om te haal om die President aan die Britse militêre uit te lewer, waarop die Portugese glo met groot verontwaardiging teengekrabbel het.⁵²

Kruger se verblyf in die Goewernewoning

By baie historici en skrywers bestaan daar verwarring oor die ampte van Goewerneur-generaal van Mosambiek en Goewerneur van die distrik Lourenço Marques. Eersgenoemde was die verteenwoordiger van die Portugese koning in die provinsie Mosambiek, terwyl aan die hoof van elke distrik in Mosambiek, waarvan die distrik Lourenço Marques een was, daar 'n Goewerneur as hoogste amptenaar was. Wat die verwarring nog verder vererger het, is die feit dat twee broers Machado in 1900 die onderskeie hoë ampte beklee het. Joaquim José Machado was die Goewerneur-generaal van Mosambiek en sy jonger broer, António José Machado, die Goewerneur van Lourenço Marques.

Joaquim José Machado (1847-1925) was die Goewerneur-generaal van Mosambiek toe president Kruger in Lourenço Marques aangekom het, maar in die jaar 1900 was daar nie minder as vier agtereenvolgende Goewernewe-generaal in dié Portugese provinsie nie. Machado se twee direkte voorgangers was skeepskaptein Alvaro António da Costa Ferreira (1853-1933), wat die amp van Goewerneur-generaal van Mosambiek van 8 Oktober 1898 tot 23 Maart 1900 beklee het,⁵³ en skeepskaptein Marques da Costa, wat skynbaar bloot 'n oorgangsfiguur was en die amp slegs van 24 Maart tot 15 Mei 1900 gevul het.⁵⁴ Joaquim José Machado het sy opleiding in ingenieurswese en landmeetkunde aan die Politegniese Skool in Lissabon ontvang en daarna by die Portugese leër aangesluit, waar hy vinnige bevordering gekry het, sodat hy in 1876 met die rang van majoor as Hoof van Openbare Werke na Mosambiek gestuur is. In Mosambiek het hy die opmeting van die trajek vir die spoorlyn van

-
51. F. Costa, *Portugal e a Guerra Anglo-Boer*, p 181; W. Harding, *War in South Africa and the Dark Continent from Savagery to Civilization* (H.L. Barber, Chicago, no date), p 543.
 52. M. van Bart, "Portugese Goewerneur in Mosambiek was Britse Lakei", Bylae by *Die Burger*, 16 September 2000, p iii.
 53. Arquivo Central da Marinha (hierna ACM), Lisboa: Folha de Matrícula: A.A. da C. Ferreira, B, p 55; C, p 161; E, p 190; G, p56; H, p 105.
 54. AHU: Lista Governadores Gerais da Província Ultramarina de Moçambique.

Lourenço Marques na die grens van die ZAR aangepak; 'n taak wat hy so suksesvol afgehandel het dat die regering van die ZAR hom in 1883 gevra het om ook die opmeting van die spoorlyn van die Mosambiekse grens tot in Pretoria te doen. Machado het hom skitterend van sy taak gekwyd sodat sy plan – met enkele wysigings – die basis gevorm het waarvolgens die Nederlandsch-Zuid-Afrikaanse Spoorweg-Maatschappij die Transvaalse gedeelte van die Oosterlyn aangelê het. Uit erkentlikheid vir sy verdienstelike werk is 'n stasie langs die Oosterlyn later Machadodorp genoem. Oor die aanlê van die Oosterlyn het hy in 1886 'n boek, *De Lourenço Marques a Pretoria*,⁵⁵ gepubliseer. Aangesien Machado Mosambiek goed geken het, is dit nie vreemd dat hy van 1889 tot 1891 as Goewerneur-generaal van Mosambiek aangestel is nie. In 1890 was hy betrokke by die vaststelling van die grens tussen Mosambiek en Transvaal. In 1895 is hy tot kolonel bevorder. Machado was vir 'n tweede keer die Goewerneur-generaal van Mosambiek en wel van 16 Mei 1900, maar op 10 September het hy sy ontslag versoek en die amp op 11 Oktober 1900 neergelê. Machado het dus die amp van Goewerneur-generaal van Mosambiek bekleed vir die grootste gedeelte van die tydperk wat president Kruger in 1900 in Lourenço Marques deurgebring het. In 1908 is Machado tot generaal bevorder en in 1914 is hy vir 'n derde keer as Goewerneur-generaal van Mosambiek aangestel; 'n amp wat hy met groot onderskeiding bekleed het totdat hy in 1919 afgetree het.⁵⁶

Brigadier-generaal Manuel Rafael Gorjão (1846-1918) het Joaquim José Machado op 12 Oktober 1900, dus dieselfde dag waarop die *Gelderland* in Delagoabaai aangekom het, as Goewerneur-generaal van Mosambiek opgevolg. Tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het hy as Goewerneur-generaal getoon dat hy oor diplomatieke takt beskik het. Hy het in 1902 as Goewerneur-generaal uitgetree en is in 1906 tot generaal bevorder.⁵⁷

-
55. J.J. Machado, *De Lourenço Marques a Pretoria* (Imprensa Nacional, Lisboa, 1886).
56. Arquivo Histórico Militar (hierna AHM), Lisboa: Caixa 1549 Folha de Matrícula: J.J. Machado; *Grande Enciclopédia Portuguesa e Brasileira* XV (Editorial Enciclopédia, Lisboa & Rio de Janeiro, 1945), pp 761-762; E. de Noronha, *O Districto de Lourenço Marques e a Africa do Sul* (Imprensa Nacional, Lisboa, 1895), p 213; O.J.O. Ferreira, "Generaal Joaquim José Machado, die Man na Wie Machadodorp Vernoem is", *Militaria*, 18, 3, 1988, pp 14-19.
57. AHM: Caixa 1369 Folha de Matrícula: M.R. Gorjão; *Grande Enciclopédia Portuguesa e Brasileira* XII (Editorial Enciclopédia, Lisboa & Rio de Janeiro, 1940), p 602; *Almanach do Exercito ou Lista Geral de Antiquidad es dos Officiaes Combatentes e Não Combatentes, 1908* (Imprensa Nacional, Lisboa, 1908), p 76; *Almanaque do Exercito ou Lista Geral de Antiquidades dos*

António José Machado (1852-1926), 'n jonger broer van Joaquim José Machado (1847-1925), was die Goewerneur van die distrik Lourenço Marques tydens president Kruger se verblyf in die Goewerneyswoning. Sy volledige naam word dikwels ook as António José de Souza Machado aangegee, maar in die amptelike dokumente aangaande sy loopbaan kom die De Souza-gedeelte nooit voor nie. António het in 1871 sy basiese vlootopleiding in die Politegniese Skool in Lissabon voltooi en die volgende jaar by die Portugese vloot aangesluit, waarna hy onderskeidelik in Angola, São Thomé en Mosambiek vlootdiens gedoen het. Hy is op 28 Julie 1898 tot kaptein van 'n fregat bevorder en het op 15 Oktober 1898 die amp van Goewerneur van die distrik Lourenço Marques aanvaar; 'n pos wat hy met groot energie en bekwaamheid tot op 19 November 1901 beklee het. In 1905 is hy in die hoë amp van hoof van die Portugese vlootafdeling in die Suid-Atlantiese Oseaan aangestel. Die feit dat hy in 1908 en 1913 medaljes vir sy filantropie en liefdadigheidswerk ontvang het, sê veel van sy karakter.⁵⁸

Dit was die Goewerneur van die distrik Lourenço Marques, kaptein António José Machado, wat Pott se woning die oggend van 12 September 1900 besoek het en aan die President gesê het dat hy deur die Portugese regering opdrag gegee is om hom as gas van die Portugese regering in die Goewerneyswoning onderdak te gee. Toe Kruger gehuiwer het om die uitnodiging te aanvaar, het die Goewerneur die President meegedeel dat hy hom dadelik daarheen moes vergesel of anders sou hy verplig wees om hom daartoe te dwing omdat hy, die Goewerneur, die opdrag van die Portugese regering in Lissabon ontvang het en dus geen ander keuse gehad het as om dié opdrag uit te voer nie. Kruger en sy gevolg was dus gedwonge gaste van goewerneur Machado.⁵⁹ Hieroor het Bredell geskryf: “Wij moesten bij den Gouverneur blijven voor meer dan eene maand, iets dat mij en ons allen verschrikkelijk verveelde. Gevoelde mij niet gelukkig met dat soort van leven.”⁶⁰

Oficiais do Exército Metropolitano e Empregas Cívís, 1918 (Imprensa Nacional, Lisboa, 1919), p 486; I. Rocha, “Lourenço Marques e a Guerra Anglo-Boer (1899-1902)”, *História* (Portugal), 9, 103, Dezembro 1987, p 20.

58. ACM: Folha de Matrícula: A.J. Machado, B, p 71; C, p 86; F, p 55; G, p 42; *Grande Enciclopédia Portuguesa e Brasileira* XV, p 753.
59. A.P. de Lima, *Na Pista do Tesouro de Kruger*, p 66; E. de Noronha, *Memórias do Presidente Kruger*, p 220; J.I. Rademeyer, *Paul Kruger*, p 101; D.W. Krüger, *Paul Kruger, Staatsman: 'n Lewenskets van President S.J.P. Kruger* (Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1971), p 89; J. Fisher, *Paul Kruger: His Life and Times*, p 236.
60. A.G. Oberholster (red.), *Dagboek van H.C. Bredell, 1900-1904*, p 11.

Die Goewernewoning waarin die President onderdak gevind het, was in Rua de Coolela, Ponta Vermelha, in die nabyheid van die Goewerneur-generaalswoning en het 'n manjifieke uitsig gehad. Dié hout-en-sinkwoning is in 1946 deur 'n brand in puin gelê.⁶¹

Goewerneur Machado se aide-de-camp, luitenant José Francisco da Rosa, is aangewys om tydens die President se verblyf in die Goewernewoning na sy belange om te sien.⁶² Teen die middel van die twintigste eeu is die bors hemp tesame met die vierkleur-bandeau wat president Kruger die dag gedra het toe hy na Lourenço Marques uitgewyk het, in 'n antiekwinkel in Lissabon te koop aangebied. 'n Bygaande brief van dokter G.M.A. Heymans, lyfarts van die President, waarin hy meld dat hy dié artikels as aandenkings aan luitenant Da Rosa geskenk het, het die egtheid daarvan bewys. Daar was ook 'n brief, gedateer 19 Oktober 1900, wat deur president Kruger onderteken is en waarin hy Da Rosa bedank het vir sy goeie diens en die wyse waarop hy sy verblyf in Lourenço Marques so aangenaam moontlik probeer maak het. Deur bemiddeling van Eric H. Louw, destyds die Minister van Buitelandse Sake van Suid-Afrika, is hierdie waardevolle stukke aangekoop en word dit tans in die Kruger Museum in Pretoria bewaar.⁶³

Die Minister van Oorsese Gebiede in Lissabon het uitdruklik opdrag gegee dat president Kruger nie toegelaat moes word om vry in Lourenço Marques rond te beweeg nie. Hy het ook 'n verbod op besoeke aan Kruger geplaas.⁶⁴ Selfs Bredell en Grobler gee toe dat goewerneur A.J. Machado miskien heeltemal teen sy sin sy onaangename plig vervul het en dat hy die President baie vriendelik behandel het. Hulle verkwalik egter die Goewerneur dat Kruger nêrens kon gaan sonder om van die Goewerneur vergesel te wees nie, terwyl Kruger se gevolg ook slegs onder geleide van 'n aide-de-camp na die stad kon gaan, maar met niemand mog praat of 'n onderhoud hê nie. Die Franse Konsul se versoek om 'n onderhoud met die President te voer, is van die hand gewys. Toe generaal Schalk W. Burger, die waarnemende President van die ZAR, op 15 September 1900 in Lourenço Marques aangekom het om met Kruger samesprekings te voer,

-
61. A.P. de Lima, *Na Pista do Tesouro de Kruger*, pp 67-69; J. dos S. Rufino, *Albuns Fotográficos e Descritivos da Colónia de Moçambique: Lourenço Marques* (Broschek & Co., Hamburgo, 1929), byskrif by foto van Goewernewoning.
 62. D. de Klerk, *The Boers in Portugal*, p 96.
 63. A.P. de Lima, *Na Pista do Tesouro de Kruger*, pp 66-67; V.C. Wood, "Ons en Portugal", *Lantern*, 14, 3, Maart 1965, p 103.
 64. AHU: Pasta 1147 Moçambique: Registo de Telegramas, p 37: Ministro do Ultramar – Governador Geral, 12 Setembro 1900.

kon hy ook nie die nodige toestemming van die Portugese owerheid daarvoor kry nie en is hy onverrichter sake dadelik terug na die Transvaal. In Bredell en Grobler se verslag van die President se verblyf in die Goewernewoning gebruik hulle onder meer hierdie sinsnede: “Kruger was feitlik ’n gevangene in die huis van die goewerneur”.⁶⁵ Vir baie historici en skrywers het dit die sleutelsin tot die tipering van die optrede van die Portugese teenoor Paul Kruger geword.

Omdat die Portugese owerheid gevrees het dat elemente in Lourenço Marques dalk sou probeer om die President leed aan te doen, is kaptein Carlos Roma Machado de Faria e Maia (1861-1953) aangewys om na die veiligheid van die President om te sien solank as wat hy hom op Portugese grondgebied bevind het. De Faria e Maia het sy opleiding as militêre ingenieur by die Politegniese Skool in Lissabon ontvang. In 1898 is hy tot kaptein bevorder en in dieselfde jaar as direkteur van Openbare Werke in die provinsie Mosambiek aangestel. Vanaf 23 Junie 1900 het hy ook as direkteur van die Caminho de Ferro de Lourenço Marques waargeneem. Volgens De Faria e Maia het Kruger baie tyd onder die veranda van die stoep van die Goewernewoning deurgebring, bedags en saans sy Bybel gelees en soms in die tuin gewandel. Hy het die karakter van die President opgesom as sober, patriargaal en baie streng. Kaptein De Faria e Maia was ’n goeie waarnemer en dit is veral danksy sy pennevrugte, *Nostalgia Africana* (1936) en *Guerra Anglo-Boer de 1899-1902* (1943), dat brokkies inligting aangaande die President se verblyf in Lourenço Marques bewaar gebly het.⁶⁶

Die ampswoning van die Goewerneur is in opdrag van kaptein De Faria e Maia voortdurend deur wagte bewaak; nie om te keer dat Kruger ontsnap nie, maar om oor sy veiligheid te waak omdat gerugte in omloop was dat hy deur Engelse om die lewe gebring sou word. Onder hierdie omstandighede is die Boeregeïnterneerdes wat hulle in Lourenço Marques bevind het, ook nie toegelaat om hom te besoek nie,⁶⁷

65. W. Harding, *War in South Africa*, p 543; H.C. Bredell en P. Grobler, *Gedenkskrifte van Paul Kruger*, pp 177-178.

66. C.R.M. de Faria e Maia, *Nostalgia Africana*, p 8; C.R.M. de Faria e Maia, *Guerra Anglo-Boer de 1899-1902*, pp 13, 16, 25; AHM: Caixa 3042 Folha de Matrícula: C.R.M. de Faria e Maia; I. Rocha, “Lourenço Marques e a Guerra Anglo-Boer (1899-1902)”, *História* (Portugal), 9, 103, Dezembro 1987, p 6.

67. L.S. Amery (ed), *The Times History of the War in South Africa 1899-1902* IV, p 475; W. Schiele, *Mit den Deutschen im Buren-Kriege* (Dietrich Reimer, Berlin, 1901), p 232; *Diário de Notícias*, 16 Setembro 1900; D. de Klerk, *The Boers in Portugal*, pp 26, 95-96; C.R.M. de Faria e Maia, *Nostalgia Africana*, pp 8-10; O.J.O. Ferreira, “Portugal en die Anglo-Boereoorlog”, in F. Pretorius

want selfs onder hulle was daar diegene wat Kruger verantwoordelik gehou het vir die posisie waarin hulle hulle bevind het. By die Goewernewoning was daar berede wagte wat voortdurend rondom die huis gery het om die President teen moontlike booswigte te beskerm. By geleentheid het die bejaarde President gekla dat hy soos 'n gevangene gevoel het met al die wagte wat voortdurend rondom die Goewernewoning was, waarna aan hom verduidelik is dat dit alles noodsaaklik ter wille van sy eie veiligheid was.⁶⁸

Die Portugese se vrees betreffende die veiligheid van president Kruger was nie heeltemal ongegrond nie, want reeds in Desember 1899 het M.G. Erasmus, 'n verteenwoordiger van die Kantoor van die Staatsprokureur van die ZAR in Lourenço Marques, in 'n verslag aan die Staatsprokureur geskryf:

Ik heb eenige officieren van Engelsche oorlogschepen thans in Lourenço Marques gesproken. Zy vertelden my dat ingeval Engeland wint dan is de Engelsche Regering van plan om Presidenten Kruger en Steyn en andere prominente Afrikaners te verbannen naar St. Helena of Ceylon netzoo als zy met Napoleon gedaan hebben. Zy denken dat Afrikaners door zulk een stap geheel den moed verloren zullen en dat de Britten dan veilig baas zullen blyven van Zuid Afrika.⁶⁹

Teen September 1900 het dit in Lourenço Marques gewemel van vreemde karakters wat van die Rand gevlug het, naamlik ontsnapte gevangenes, skelms, skobbejakke, skurke, prostitute en ander kriminele.⁷⁰ Hardnekkige gerugte het die ronde gedoen dat Engelssprekende ekstremiste 'n prys van £30 000 op die hoof van president Kruger geplaas het.⁷¹

(red.), *'n Oorlog om by Stil te Staar: die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 39, 3 & 4, September & Desember 1999, S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, Pretoria, 1999), p 349.

68. C.R.M. de Faria e Maia, *Guerra Anglo-Boer de 1899-1902*, p 25; D. de Klerk, *The Boers in Portugal*, p 96.
69. Nasionale Argief van Suid-Afrika (hierna NASA), Transvaalse Argiefbewaarplek (hierna TAB), Pretoria: SP 818A, GDDM nr. 258/99 Rapport van M.G. Erasmus, 10 Desember 1899.
70. D. de Klerk, *The Boers in Portugal*, p 94.
71. C.R.M. de Faria e Maia, *Nostalgia Africana*, pp 9-10; C.R.M. de Faria e Maia, *Guerra Anglo-Boer de 1899-1902*, p 14; D. de Klerk, *The Boers in Portugal*, p 94.

President Kruger is beslis streng bewaak vir langer as 'n maand terwyl hy in die Goewernewoning gebly het. Hierdie tydperk is deur Bredell as “verschrikkelijk lang en uiterst vervelend” beskryf.⁷⁸ Die weke in die snikhete hawestad Lourenço Marques het vir die President langsaam verbygegaan en hy “toont teekene van geestelike vermoeidheid”. Bowendien het sy oë hom steeds veel las gegee.⁷⁹ Te midde van hierdie omstandighede het die diep religieuse Paul Kruger stil geword en sy vertroosting gevind deur sy Bybel te lees.⁸⁰

Drie klein dogtertjies, twee van kaptein De Faria e Maia en een van goewerneur Machado, het die President gelukkig dikwels geselskap gehou en hulle manewales het gereeld 'n glimlag op die gesig van die terneergedrukte ou man se gesig ontlok. Een aand was dr. António de Sousa Ribeiro, sekretaris-generaal van die Mosambiekse regering, egter besig om in die Goewernewoning klavier te speel terwyl die dogtertjies gesing en rondgedans het, toe 'n klop aan die deur hulle pret onderbreek het. Paul Kruger het hulle naamlik versoek om hulle plesier dadelik te staak sodat hy op sy Bybellees kon konsentreer. 'n Halfuur later was daar nog 'n klop aan die deur. Weer was dit die President, maar hierdie keer het hy hulle versoek om met die klavierspel en sang voort te gaan omdat dit hom gehelp het om aan die slaap te raak.⁸¹

In Oktober 1900 het lord Kitchener aan koningin Victoria geskryf dat hy by die Goewerneur van Lourenço Marques se neef verneem het dat die President 'n baie moeilike gas was wat slegs sy verskyning tydens maaltye gemaak het en by die geleenthede voor en na ete lang tafelgebede gebid het. Wanneer die Goewerneur musiekaande gereël het, het Kruger daarteen beswaar gemaak omdat die klanke sy konsentrasie by die lees van die Psalms versteur het.⁸²

Op 10 Oktober 1900 het Paul Kruger die vyf-en-sewentigste herdenking van sy geboortedag in die Goewernewoning in

-
78. E. Grobler, *President S.J.P. Kruger in Ballingskap in Clarens, Switzerland*, pp 10-11.
79. AHU: Pasta 1147 Moçambique: Registo de Telegramas, p 38: Governador Geral – Ministro do Ultramar, 14 Setembro 1900; D.W. Krüger, *Paul Kruger II*, p 263; W.J. Leyds, *Derde Verzameling (Correspondentie 1900) I* (N.V. Geuze & Co's Drukkerij, 's-Gravenhage, 1931), p 297, n 1.
80. A.P. de Lima, *Os Milhões de Kruger*, p 63.
81. C.R.M. de Faria e Maia, *Guerra Anglo-Boer de 1899-1902*, p 27; A.P. de Lima, *Os Milhões de Kruger*, pp 61-62; D. de Klerk, *The Boers in Portugal*, p 96. De Klerk beweer verkeerdelik dat dit luitenant Rosa was wat die klavier bespeel het.
82. J. Fisher, *Paul Kruger: His Life and Times*, p 236.

Lourenço Marques gevier, maar dit was 'n sombere herdenking, want die honderde Transvaalse burgers wat na Mosambiek uitgewyk het, is nie toegelaat om hulle President persoonlik geluk te wens nie. Hulle kon hom net van 'n afstand sien en van die straat begroet – wat Kruger bewoë gelaat het.⁸³

Aan sowat driehonderd Boeregeïnterneerdes wat hulle in Lourenço Marques bevind het, is wel toestemming verleen om onder bevel van generaal F.J. Pienaar, asook kommandante H.P. Mostert en N.J. Grobler in gelid voor die Goewernewswoning verby te marsjeer en hom van die straat af gelukwense toe te roep. Die President het onder die huis se groot veranda gestaan, pluiskiel in die hand met, volgens kaptein De Faria e Maia, 'n moedswillige traan op die wang.⁸⁴

Sommige van die Boere wat hulle in Lourenço Marques bevind het, het wel deur die ondertekening van geskrewe gelukwensings hulle goeie wense aan die President oorgedra. Só het generaal F.J. Pienaar, kommandante N.J. Grobler en H.P. Mostert, 'n agttal veldkornette en 'n viertal polisie-offisiere namens hulleself en ongeveer agthonderd burgers hulle gelukwense aan president Kruger op skrif gestel wat onder meer gelees het:

Hoewel het ons een genoeg en voorrecht is om UEd. met de vermeerdering uwer jaren geluk te wenschen, stemt het onze harten tot droefheid, dat wij het in een vreemd land, en onder zulke treurige omstandigheden moeten doen. ... Wij vertrouwen echter dat de Heere UEd. sparen zal, om nog eerlang UEds. volk en land, vrij en onafhankelijk te zien.⁸⁵

Daar was ook nog twee ander briewe van gelukwense; waarskynlik onderteken deur diegene wat generaal Pienaar nie as hulle leier en

-
83. D.W. Krüger, *Paul Kruger* II, p 263; H.C. Bredell en P. Grobler, *Gedenkskrifte van Paul Kruger*, p 178; G. du Plessis, *Die President en Ek*, p 62.
84. C.R.M. de Faria e Maia, *Nostalgia Africana*, p 9; C.R.M. de Faria e Maia, *Guerra Anglo-Boer de 1899-1902*, p 26; D. de Klerk, *The Boers in Portugal*, p 102; O.J.O. Ferreira, *Viva os Boers! Boeregeïnterneerdes in Portugal Tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (Protea Boekhuis, Pretoria, 2000), p 48. Sommige bronne stel die getal verbymarsjerende Boeregeïnterneerdes op agthonderd.
85. Northern Flagship Institution (hierna NFI), Kruger Museum (hierna KM), Pretoria: Kr. 227 (18) Gelukwense van genl. F.J. Pienaar en andere, Lourenço Marques, [10 Oktober 1900].

segsman aanvaar het nie.⁸⁶ Dit is opvallend dat die meeste persone wat hierdie drie gelukwensings onderteken het, uiteindelik as Boeregeïnterneerdes in Portugal beland het.⁸⁷ Die President het ook uit Europa gelukwense ontvang, naamlik van dokter W.J. Leyds en amptenare van die Gesantskap van die ZAR in Brussel, België,⁸⁸ en van die Konsul-generaal van die ZAR in Amsterdam, Nederland, R.A.I. Snethlage, en sy personeel.⁸⁹

Nadat Frikkie Eloff (junior) verneem het dat Kruger en sy gevolg met die *Gelderland* na Europa vervoer sou word, het hy 'n telegram aan sy vrou, Magdalena, gestuur waarin hy haar versoek het om saam met sy ouma, mevrou Gezina Kruger, na Lourenço Marques te kom sodat hulle die President op sy reis kon vergesel. Die Britse Goewerneur, generaal J.G. Maxwell, en lord Roberts was baie vriendelik en hulpvaardig en het die nodige reisreëlings vir Magdalena en haar kinders getref, maar mevrou Kruger was te swak om die lang reis te onderneem. Lord Roberts se vriendelikheid was nie om dowe neut nie, want hy het Magdalena gevra om 'n boodskap aan president Kruger oor te dra. Dit het naamlik gelui dat indien Kruger sy burgers sou aansê om die wapens neer te lê, hy na Pretoria kon terugkeer en nadat hy die eed van getrouheid aan Brittanje afgelê het, toegelaat sou word om vry in sy huis te woon en volle beskerming sou geniet. Roberts het verder sy erewoord gegee dat nóg die President en sy familie, nóg enige burgers, verban sou word.⁹⁰

Die dag na haar aankoms is Magdalena Eloff na die Goewernewoning om die President te gaan groet. Oral was daar wagte wat baie eerbiedig teenoor die President was en hoewel goewerneur Machado Magdalena baie vriendelik ontvang het, het hy tog daarop aangedring om teenwoordig te wees tydens haar gesprek met Kruger. Tolke het elke woord van die gesprek vir die Goewerneur vertaal. Die Goewerneur het die Eloffs genooi om saam met hom en die President middagete te geniet. Magdalena het lord Roberts se boodskap aan Kruger oorgedra, waarop die President driftig met sy kiere op die plankvloer gestamp het en bloot uitgeroep het: "Hy is seker mal!"⁹¹

86. NFI, KM: Kr. 227 (15) & (17) Gelukwense van Transvaalse burgers, Lourenço Marques, 10 Oktober 1900.

87. Vergelyk O.J.O. Ferreira, *Viva os Boers!*, pp 275-291.

88. NFI, KM: Kr. 227 (4) Gelukwense van Gesantskap van die ZAR, Brussel, België, 8 September 1900.

89. NFI, KM: Kr. 227 (13) Gelukwense van Konsul-genl. van die ZAR, Amsterdam, 8 September 1900.

90. G. du Plessis, *Die President en Ek*, pp 59-60, 62-64.

91. J. Fisher, *Paul Kruger: His Life and Times*, p 236; G. du Plessis, *Die President en Ek*, pp 66-67.

Hoewel Gezina Kruger nie die reis kon onderneem nie, het sy saam met Magdalena Eloff vir haar eggenoot, die President, biltong, beskuit en 'n bottel hoesmedisyne van heuning en borsdruppels gestuur. Daar was ook 'n groot fles smeergoed waarmee sy bors ingevryf moes word. Die Presidentsvrou het ook Magdalena 'n hele paar Bybeltekste laat neerskyf wat haar man moes lees. Toe Magdalena Eloff die geskenke van sy vrou aan die President oorhandig het, was hy baie aangedaan en het trane onbeskaamd oor sy wange gerol.⁹²

Vertrek na Europa aan boord die *Gelderland*

Dit was van die begin Paul Kruger se idee om so kort moontlik in Lourenço Marques te vertoef en met die eerste geleentheid wat hom voordoen per skip na Europa te vertrek. Kruger het goewerneur-generaal Joaquim José Machado reeds op 12 September 1900, die dag na sy aankoms in Lourenço Marques, hieromtrent ingelig.⁹³

Volgens 'n berig in die destydse *Münchener Allgemeine Zeitung* sou Kruger oorspronklik met die Oostenrykse lynboot *Styria* na Europa gereis het, maar omdat 'n berig ontvang is dat die Britte beplan het om dié skip op die oop see deur oorlogskepe te laat voorkeer, te deursoek, Kruger gevange te neem en op al sy staatsdokumente beslag te lê, is van hierdie plan afgesien.⁹⁴

Stanley L. Hollis, die Amerikaanse konsul in Lourenço Marques, het president Kruger gereeld in die Goewerneurswoning besoek en by geleentheid het Kruger ook 'n besoek van John Coolidge, die Amerikaanse vise-konsul in Pretoria, ontvang. Hierdie besoeke het waarskynlik die gerugte laat ontstaan dat daar met die Amerikaanse regering onderhandel is om die President na die VSA te laat gaan. Teen die middel van September 1900 het goewerneur António Machado selfs vir Stanley Hollis gevra of die berig in 'n Lissabonse koerant waar was, naamlik dat 'n Amerikaanse kruiser onderweg na Lourenço Marques was om Kruger te kom haal.⁹⁵ Dié gerugte het goewerneur-generaal

92. G. du Plessis, *Die President en Ek*, pp 64, 66.

93. AHU: Pasta 1147 Moçambique: Registo de Telegramas, p 37: Governador Geral – Ministro do Ultramar, 12 Setembro 1900; A.P. de Lima, *Na Pista do Tesouro de Kruger*, p 66.

94. M. van Bart, "Portugese Goewerneur in Mosambiek was Britse Lakei", Bylae by *Die Burger*, 16 September 2000, p iii.

95. L. Changuion, *Uncle Sam, Oom Paul en John Bull*, p 161.

Joaquim Machado aan die Minister van Oorsese Gebiede laat vra wat die President se bestemming was, omdat sy aanwesigheid in Lourenço Marques ernstige komplikasies ingehou het.⁹⁶ Die Minister het geantwoord dat Kruger se bestemming steeds Europa moes wees en dat al die nodige voorsorgmaatreëls getref moes word sodat hy veilig aan boord van 'n skip kon gaan en op die skip behoorlik behandel sou word.⁹⁷

Op 16 September 1900 het die *Diário de Notícias*, 'n dagblad in Lissabon, berig dat die Goewerneur-generaal van Mosambiek die Portugese regering pas meegedeel het dat president Kruger van voorneme was om so spoedig moontlik na Europa te vertrek. Die Portugese regering het die Goewerneur-generaal direk daarna opdrag gegee om Kruger behulpsaam te wees om met die eerste skip wat na Europa sou vaar – waarskynlik die Duitse stoomskip *Herzog* – te vertrek. Die Portugese regering het weer daaraan toegevoeg dat president Kruger intussen soos 'n staatshoof behandel moes word.⁹⁸

Op 17 September 1900 het die Goewerneur-generaal van Mosambiek die Portugese Minister van Oorsese Gebiede in kennis gestel dat president Kruger 'n telegram van die Nederlandse regering ontvang het waarin aangebied is dat hy met 'n Nederlandse oorlogskip na Europa vervoer sou word.⁹⁹ Goewerneur-generaal Joaquim Machado het president Kruger meegedeel dat hy slegs toegelaat sou word om te vertrek indien sy bestemming Europa was. In daardie stadium het Kruger Machado nog verseker dat hy van plan was om op 24 September 1900 met die skip *Herzog* van die Duitse Oos-Afrika-lyn na Europa te vertrek, terwyl die Britse regering aan konsul-generaal Crowe laat weet het dat Kruger se reis met 'n neutrale skip nie belemmer sou word nie.¹⁰⁰

Lord Roberts het reeds vroeër teenoor die Britse Staatssekretaris van Oorlog die hoop uitgespreek dat Kruger nie toegelaat sou word om per skip uit Lourenço Marques te vertrek nie en dat alle dokumente en goud

-
96. AHU: Pasta 1147 Moçambique: Registo de Telegramas, p 39: Governador Geral – Ministro do Ultramar, 15 Setembro 1900.
 97. AHU: Pasta 1147 Moçambique: Registo de Telegramas, p 40: Ministro do Ultramar – Governador Geral, 15 Setembro 1900.
 98. *Diário de Notícias*, 16 Setembro 1900, soos aangehaal deur D. de Klerk, *The Boers in Portugal*, p 26.
 99. AHU: Pasta 1147 Moçambique: Registo de Telegramas, p 41: Ministro do Ultramar – Governador Geral, 17 Setembro 1900.
 100. AHU: Pasta 1147 Moçambique: Registo de Telegramas, p 38: Governador Geral – Ministro do Ultramar, 13 Setembro 1900; D.W. Krüger, *Paul Kruger II*, p 263; H.C. Bredell en P. Grobler, *Gedenkskrifte van Paul Kruger*, p 177.

wat hy by hom gehad het, van hom afgeneem sou word.¹⁰¹ Nadat dit bekend geword het dat Kruger aan boord van 'n Nederlandse oorlogskip na Europa sou vertrek, het die Portugese regering inderdaad die Goewerneur-generaal van Mosambiek op 28 September 1900 opdrag gegee dat hy moes sorg dat Kruger geen goudstawe met hom saamneem nie; 'n opdrag wat Machado onderneem het om uit te voer.¹⁰²

Op 2 Oktober 1900 het goewerneur-generaal Joaquim Machado die Minister van Oorsese Gebiede, António Eduardo Augusto Villaça, gevra of die Britse konsul-generaal in Lourenço Marques ingelig moes word dat die Goewerneur van Lourenço Marques, António José Machado, president Kruger by sy vertrek tot by die Nederlandse skip sou vergesel,¹⁰³ waarop die Minister geantwoord het dat dit nie moes gebeur nie omdat Portugal se gesag daardeur aangetas sou word.¹⁰⁴

Gedagtig aan die groot meegevoel wat die Nederlandse volk met die Boererepublieke en met president Kruger persoonlik gehad het, het die Nederlandse Minister van Marine aan sy kollega die Nederlandse Minister van Buitelandse Sake, W.H. de Beaufort, voorgestel om die pantserdekkruiser *Gelderland*, wat juis op sy eerste vaart van Nederland na Oos-Indië was, opdrag te gee om na Delagoabaai te vaar en die President vandaar na Europa te vervoer. Dié voorstel het die jeugdige koningin Wilhelmina se geesdriftige goedkeuring weggedra en na oorlegpleging met die Britse regering het die skip onder bevel van “Kapitein ter Zee” kolonel Baron Sweerts de Landas Wyborgh op 12 Oktober 1900 in Delagoabaai anker gegooi.¹⁰⁵ Die nuus van die aankoms van die *Gelderland* het die eentonige en frustrerende bestaan van die President in die Goewerneurswoning verbreek,¹⁰⁶ maar hy sou nog 'n bietjie geduld moes beoefen want die inskeping van steenkool in die *Gelderland* sou nog nagenoeg 'n week duur.¹⁰⁷

101. J. Fisher, *Paul Kruger: His Life and Times*, p 234.

102. AHU: Pasta 1147 Moçambique: Registo de Telegramas, p 50: Ministro do Ultramar – Governador Geral, 28 Setembro 1900; AHU: Pasta 1147 Moçambique: Registo de Telegramas, p 51: Governador Geral – Ministro do Ultramar, 29 Setembro 1900.

103. AHU: Pasta 1147 Moçambique: Registo de Telegramas, p 52: Governador Geral – Ministro do Ultramar, 2 Outubro 1900.

104. AHU: Pasta 1147 Moçambique: Registo de Telegramas, p 55: Ministro do Ultramar – Governador Geral, 3 Outubro 1900.

105. C. de Jong, *Koningin Wilhelmina en Suid-Afrika*, pp 7, 9; D.W. Krüger, *Paul Kruger II*, pp 263-264.

106. J. Fisher, *Paul Kruger: His Life and Times*, p 237.

107. Skriftelike mededeling: Dr. J.A.M. van der Mey, Amsterdamhoekweg 123, Swartkops, 6210, Februarie 2005.

Die *Gelderland* was 'n pantserdekskip waarvan die bou in 1898 begin is en wat op 15 Julie 1900 te Nieuwediep in aktiewe diens gestel is. Die skip is na die Nederlandse provinsie Gelderland vernoem, het 'n waterverplasing van ongeveer 4 100 ton gehad en kon 'n maksimum spoed van 20 knope haal. Met haar twee skoorstene het sy 'n elegante voorkoms gehad. Die skip het 'n bemanning van 312 offisiere en matrose gehad.¹⁰⁸

Tydens 'n hoflikheidsbesoek aan die Portugese owerheid in Lourenço Marques, het Sweerts de Landas Wyborgh gemeld dat hy van voorneme was om die President met volle eerbewyse aan boord van die *Gelderland* te verwelkom wanneer die President met sy gevolg hulle op Saterdag 20 Oktober 1900 sou inskeep en dat die *Gelderland* onmiddellik daarna sou vertrek. Die Portugese het Wyborgh meegedeel dat hulle spesiale veiligheidsmaatreëls ten opsigte van Kruger se vertrek getref het, omdat die polisie slegs enkele dae vroeër 'n man gearresteer het omdat hulle vermoed het dat hy 'n sluipmoord op die President wou uitvoer. Die Portugese het nietemin toegestem dat Paul Kruger oor die middaguur op 20 Oktober 1900 aan boord kon gaan.¹⁰⁹

Om veiligheidsredes en om gebeurlikhede te vermy, het die Portugese hulle nie by hierdie reëling gehou nie. 'n Aanslag op die lewe van die President is gevrees omdat twee sameswerings om Kruger te vermoor intussen deur die Portugese polisie ontbloot is. Bowendien was konsul-generaal Gerard Pott ook van mening dat die President liever incognito aan boord moes gaan.¹¹⁰ Die Portugese was nie slegs vir optrede van Britse kant bang nie, maar het steeds ook weerwraak van ongelukkige Boeregeïnterneerdes in Lourenço Marques gevrees.¹¹¹

Die President en sy gevolg het teen 05:00 die oggend van Vrydag 19 Oktober 1900 van die Goewerneurswoning in 'n landauer na die hawe vertrek, gevolg deur goewerneur Machado en sy geselskap in sy private

-
108. NASA, TAB: A.1122 De geschiedenis van Hr. Ms. *Gelderland*, p 1; NASA, TAB: A.1150 J. Hollestelle – Beknopt reisverslag van Hr. Ms. *Gelderland*; Skriftelike mededeling: Dr. J.A.M. van der Mey, Amsterdamhoekweg 123, Swartkops, 6210, Februarie 2005.
109. D. de Klerk, *The Boers in Portugal*, p 102; C. Beyers, "Laaste Lewensjare en Heengaan van President Kruger", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 14, 1, 1941, p 26.
110. C.R.M. de Faria e Maia, *Nostalgia Africana*, p 10.
111. L. Creswicke, *South Africa and the Transvaal War* (T.C. & E.C. Jack, Edinburgh, 1901), p 124; W. Harding, *War in South Africa*, p 546.

rytuig. Oral langs die roete wat hulle gevolg het, was daar polisiemanne. Die rytuie het deur die doeanepunt gery en in plaas daarvan dat die President en sy geselskap van die passasiershawehoof vertrek het, is hulle na die doeane-aanlegplek vir vrag geneem, waarvandaan hulle om 05:30 met 'n Portugese haweboot in die grootste geheimhouding na die *Gelderland* geneem is. Kruger se gevolg het bestaan uit dokter G.M.A. Heymans, sy Belgiese lyfarts; H.C. (Manie) Bredell, sy private sekretaris wat van die President opdrag gekry het om hom na Europa te vergesel “om van tyd tot tyd de noodige veiligheids maatregele te treffen aangaande mijn [die President se] persoon”; F.C. (Frikkie) Eloff (junior), sy kleinseun en private sekretaris; asook A.H.J. Happé, sy Nederlandse lyfbediende. Die ander lid van die President se gevolg, P.G.W. Grobler, die onder-sekretaris vir Buitelandse Sake, het reeds vooruit na Europa vertrek. Kruger en sy gevolg is vergesel deur konsul-generaal Gerard Pott, goewerneur António José Machado en drie hoë Portugese amptenare, naamlik doktor António de Sousa Ribeiro, Sekretaris-generaal van die Mosambiekse regering; Pedro Lencastre, Hoof van Doeane; en Carlos Roma Machado de Faria e Maia, Hoof van Openbare Werke. Wyborgh was woedend, want die koms was so vroeg en onverwags dat daar, behalwe vir die “militaire eerbewyzen”, van “honours geven” aan die President weinig sprake was. Die Portugese was egter tevrede dat hulle daarin geslaag het om die bejaarde staatsman veilig aan boord te bring.¹¹² Aan die Minister van Oorsese Gebiede het goewerneur-generaal Joaquim Machado op 19 Oktober 1900 per telegram laat weet dat die feit dat die Goewerneur van Lourenço Marques en drie van die belangrikste Portugese amptenare in Mosambiek Paul Kruger na die *Gelderland* vergesel het, 'n bewys van hulle toegeneentheid jeens en respek vir die President was.¹¹³

-
112. G.L. Kepper, *De Zuid-Afrikaansche Oorlog: Historisch Gedenkboek* (De Nederlandsche Boekhandel, Antwerpen, s.j.), p 308; C. Beyers, “Laaste Lewensjare en Heengaan van President Kruger”, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 14, 1, 1941, p 26; W. Harding, *War in South Africa*, p 546; C.R.M. de Faria e Maia, *Nostalgia Africana*, pp 10-11; C.R.M. de Faria e Maia, *Guerra Anglo-Boer de 1899-1902*, p 28; D. de Klerk, *The Boers in Portugal*, p 102; D.W. Krüger, *Paul Kruger II*, p 264; A.G. Oberholster (red.), *Dagboek van H.C. Bredell, 1900-1904*, p 2; I. Rocha, “Lourenço Marques e a Guerra Anglo-Boer (1899-1902)”, *História* (Portugal), 9, 103, Desember 1987, p 19.
113. AHU: Pasta 1147 Moçambique: Registo de Telegramas, p 61: Governador Geral – Ministro do Ultramar, 19 Outubro 1900.

Net voor sy vertrek uit Lourenço Marques, het die President aan mevrou Kruger in Pretoria gesein: “God zegen je. Vertrouw op Hem. Hy bestuur ‘t al”¹¹⁴

Om 13:30 op Saterdag 20 Oktober 1900 het die *Gelderland* uiteindelik anker gelig en noordwaarts koers gekies. By die reling op die dek het Kruger lank na die verdwynende kus gestaar.¹¹⁵ “De reis met President Kruger was begonnen, een reis die soms iets had van een triomftocht, en die voor de President zooveel droevigs zou bevatten en hem wegvoerde van zijn geliefd Zuid-Afrika – dat hij nooit zou terugzien.”¹¹⁶

Nawoord

President Kruger se vertrek uit Lourenço Marques was vir die Portugese owerheid in Lourenço Marques, maar ook vir die regering in Portugal ’n groot verligting, want volgens die destydse Nederlandse gesant in Lissabon, C. George, het hulle baie – byna met “zenuwachtigheid” – na sy vertrek uitgesien. Die Portugese owerheid was dus bly om ontslae te wees van ’n gas wat skaars vier jaar tevore in dieselfde hawestad nog ’n geëerde besoeker was¹¹⁷ en aan wie die Portugese regering in 1884 die ridderlike Grootkruis van die Orde van die Onbevleete Ontvangenis, destyds een van die hoogste ordes in Portugal, toegeken het.¹¹⁸

Die Portugese regering het hom tydens die Anglo-Boereoorlog in ’n onbenydenswaardige posisie bevind. Met Groot-Brittanje het Portugal

-
114. C. Beyers, “Laaste Lewensjare en Heengaan van President Kruger”, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 14, 1, 1941, p 27.
115. D.W. Krüger, *Paul Kruger II*, p 264; C. Beyers, “Laaste Lewensjare en Heengaan van President Kruger”, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 14, 1, 1941, p 27. Sommige bronne gee die vertrekdatum van die *Gelderland* as 21 Oktober 1900 aan, maar die verwarring het waarskynlik ontstaan omdat die inskeping van Kruger en sy gevolg volgens ooreenkoms op 20 Oktober 1900 sou plaasgevind het en die skip dan op 21 Oktober sou vertrek; ’n reëling wat deur die Portugese owerheid verbreek is.
116. *Die Burger*, 11 November 1925, soos aangehaal deur C. Beyers, “Hoe het Pres. Kruger sy Laaste Jaar in Transvaal Deurgebring?”, *Die Huisgenoot*, 39, 1699, 15 Oktober 1954, p 41.
117. G.D. Scholtz, *Europa en die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902*, p 114; D.W. Krüger, *Paul Kruger II*, p 264.
118. D.W. Krüger, *Paul Kruger II*, p 188; M. Esterhuysen, *Gedenkpenning ter Ere van President S.J.P. Kruger* (Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria, 1973), pp 8-10.

eeue oue vriendskapsverdrae gehad, terwyl hy in Suider-Afrika goeie buurskap met die Zuid-Afrikaansche Republiek wou handhaaf vanweë ekonomiese interafhanklikheid. Daarbenewens was die oorgrote meerderheid van die Portugese volk en 'n groot deel van die Portugese pers simpatiekgesind teenoor die Boere. Daarteenoor was die Portugese koningshuis en destydse regering pro-Brits en het besef dat hulle, met die oog op die veiligheid van die Portugese gebiede in Afrika, dit nie kon waag om in Brittanje se onguns te raak nie. Die Portugese regering het ook gevrees dat ander moondhede, soos Duitsland, Frankryk en selfs Rusland, aanstoot sou neem indien hulle Brittanje te goedgesind was. Die behandeling wat president Kruger in Lourenço Marques te beurt geval het, moet ook teen hierdie agtergrond beoordeel word.¹¹⁹

Hoewel die Portugese regering in Portugal beslis pro-Brits was, was dit nie die geval met die plaaslike Portugese owerheid en amptenare in Mosambiek nie, want die meeste van hulle was die Boere oontenseglik goedgesind. Oor hierdie stand van sake het die Britse gesant in Lissabon herhaaldelik by die Portugese regering beswaar gemaak, sonder dat 'n merkbare verandering in die situasie plaasgevind het.¹²⁰ In hierdie verband kan verwys word na goewerneur-generaal Joaquim Machado wat as ingenieur 'n reuse bydrae tot die bou van die Delagoabaai-spoorlyn gelewer het en in daardie tyd 'n vriendskapsverhouding met president Kruger aangeknoop het. Ilídio Rocha verwys na Joaquim Machado as “o grande amigo de Kruger” [’n groot vriend van Kruger] en “amigo dos Boers” [vriend van die Boere], terwyl De Lima daarop wys dat Machado tydens die Anglo-Boereoorlog daarvan beskuldig is dat hy met die Boere simpatiseer.¹²¹ Die twee Machado-broers, goewerneur-generaal Joaquim Machado en goewerneur António Machado, gasheer van president Kruger tydens sy verblyf in Lourenço Marques, het volgens alle aanduidings 'n besonder goeie verhouding gehad en daarom kan met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat goewerneur Machado, soos sy ouer broer, 'n gevoel van welwillendheid teenoor Kruger sou gehad het.

119. L.E. van Niekerk, *Kruger se Regterhand: 'n Biografie van Dr. W.J. Leyds* (J.L. van Schaik, Pretoria, 1985), p 238; O.J.O. Ferreira, “Portugal en die Anglo-Boereoorlog”, in F. Pretorius (red.), *'n Oorlog om by Stil te Staan*, pp 344-348, 354-355.

120. H. Wattel, *Portugal's Houding in den Oorlog Tusschen Engeland en de Zuid-Afrikaansche Republieken*, (Amsterdam, sonder jaar), p 3.

121. I. Rocha, “Lourenço Marques e a Guerra Anglo-Boer (1899-1902)”, *História* (Portugal), 9, 103, Desember 1987, pp 8, 14; A.P. de Lima, *Na Pista do Tesouro de Kruger*, p 32.

Op 20 Oktober 1900, dit wil sê die dag waarop Kruger aan boord van die *Gelderland* vertrek het, het 'n republikeinse en openlike pro-Boer koerant in Mosambiek, *O Portuguez*, onder redaksie van Clemente Nunes de Carvalho e Silva, 'n boekhandelaar en vurige republikein, die lig gesien. Op die voorblad van die eerste uitgawe was 'n berig oor die vertrek van Kruger onder die opskrif: "Paulo Kruger, O velho e honrado presidente da República do Transvaal" [Paul Kruger, die bejaarde en eerbiedwaardige President van die Transvaalse Republiek].¹²² Dat baie van die Portugese burgers en amptenare in Lourenço Marques simpatie met die "corajosos Bóers" [dapper Boere] en president Kruger gehad het, ly geen twyfel nie,¹²³ maar die Portugese regering in Portugal het verhoed dat hulle simpatie in daadwerklike steun neerslag gevind het.

Die Britse regering was deurgaans bewus van al Kruger se bewegings en die berig dat hy aan boord van die *Gelderland* gegaan het, is persoonlik deur eerste minister Salisbury aan koningin Victoria oorgedra.¹²⁴ Toe die Koningin die nuus verneem het, het sy blykbaar opgemerk dat dit skandalig was dat hy met al die geld wat hy uit die mense van Transvaal gepers het, gevlug het. In werklikheid het die President slegs sowat £150 000 met hom saamgeneem. Oor die feit dat mevrou Kruger in Pretoria agtergebly het, was koningin Victoria minder bekommerd.¹²⁵ Die legende van die Kruger-miljoene was dus reeds in daardie stadium in omloop.

Die vertrek van president Kruger aan boord van die *Gelderland* sou 'n paar maande vroeër 'n geweldige slag vir die Boeresak gewees het, maar in die soort bewegingsoorlog wat hulle nou gevoer het, sou die teenwoordigheid van die President net 'n meulsteen om hulle nek gewees het omdat sy persoonlike veiligheid hulle voortdurende aandag sou vereis en hulle bewegings daardeur belemmer sou word. Enkele burgers het Kruger se vertrek wel as 'n versaking van hulle stryd beskou; 'n siening wat die Britse owerheid na die beste van hulle vermoë probeer aanblaas het, maar vir die meerderheid vegtende burgers was Kruger se vertrek

122. I. Rocha, "Lourenço Marques e a Guerra Anglo-Boer (1899-1902)", *História* (Portugal), 9, 103, Dezembro 1987, pp 6, 19; I. Rocha, *A Imprensa de Moçambique: História e Catálogo (1854-1975)* (Edição Livros do Brasil, Lisboa, 2000), pp 80-81, 341; O.J.O. Ferreira, *Viva os Boers!*, p 49.

123. C.T. da Mota, *Presenças Portuguesas na África do Sul e no Transvaal Durante os Séculos XVIII e XIX* (Instituto de Investigação Científica Tropical, Lisboa, 1989), p 136.

124. D.W. Krüger, *Paul Kruger II*, p 264.

125. J. Fisher, *Paul Kruger: His Life and Times*, p 234.

geen traumatiese gebeurtenis nie en is dit selfs met 'n sekere gelatenheid aanvaar.¹²⁶

Wanneer historici en skrywers die een na die ander daarna verwys dat president Kruger in Lourenço Marques soos 'n gevangene behandel is, kan daarin moontlik 'n anti-Portugese houding waargeneem word. Die optrede van die Portugese regering tydens die Anglo-Boereoorlog het 'n blywende en, in die lig van die simpatie van die Portugese volk met die Boere gesien, ongeregverdigde gevoel van wantroue by die Afrikaners jeens die Portugese gelaat.¹²⁷ Die afsondering waaraan president Kruger en sy gevolg tydens hulle verblyf in Lourenço Marques deur die Portugese owerheid aldaar onderwerp was, was moontlik deel van die Portugese owerheid se pogings om Portugal se neutraliteit tydens die Anglo-Boereoorlog te handhaaf.¹²⁸ Maar belangriker nog is die feit dat hierdie afsondering van die President in sy eie belang noodsaaklik was omdat hy sodoende teen vyandelike elemente in Lourenço Marques beskerm is. Dit is nogal vreemd dat kritici van die Portugese owerheid se optrede jeens Kruger nooit hiervan kennis geneem het nie.

Die Suid-Afrikaanse historici en skrywers wat so erg ontstel is deur die afsondering en “feitlik gevangenskap” waarin president Kruger in die Goewernewoning in Lourenço Marques moes woon, vergeet gerieflikheidshalwe dat die President ook op die *Gelderland* aan uiters streng beperkings onderhewig was. In opdrag van die Nederlandse Minister van Buitelandse Sake, W.H. de Beaufort, het kolonel Sweerts de Landas Wyborgh die President ingelig dat hy nie toegelaat sou word om met enige derde party kontak te hê nie, terwyl die skeepsbemanning nie toegelaat sou word om aan enige vorm van politieke betoging deel te neem nie. Die offisiere en bemanning van die *Gelderland* het die President wel met welwillendheid en respek behandel en Sweerts de Landas Wyborgh het selfs sy persoonlike kajuit vir die duur van die reis aan Kruger beskikbaar gestel.¹²⁹ Daar is dus duidelike parallele tussen die Portugese en Nederlandse owerhede se optrede teenoor president Kruger in hierdie tydperk.

126. L.S. Amery (ed), *The Times History of the War in South Africa, 1899-1902* IV, p 475.

127. A. de Figueiredo, *The Portuguese in Southern Africa* (Ongepubliseerde manuskrip, 1987), p 27.

128. G. du Plessis, *Die President en Ek*, p 62, n 9.

129. Skriftelike mededeling: Dr. J.A.M. van der Mey, Amsterdamhoekweg 123, Swartkops, 6210, Februarie 2005.

President Paul Kruger se pogings om Europese moondhede te oorreed om tussenbeide te kom in 'n ongelyke stryd tussen die Britse Ryk en die Boererepublieke het nie geslaag nie, want die diplomatieke toneel in Europa was kompleks, gebaseer op erkenning van Brittanje se magtige posisie en 'n vrees dat optrede vir die Boeresak die eie belang kon benadeel. Kruger het dus sy laaste lewensjare in afsondering as balling in die vreemde deurgebring en op 14 Julie 1904 in die Villas des Pierriers nommer 17, Clarens, Switserland, aan longontsteking gesterf. Kruger se stoflike oorskot is sowat drie maande later met 'n skip, die *Batavier VI*, na Suid-Afrika vervoer en plegtig, onder groot belangstelling, op 16 Desember 1904 in die begraafplaas in Kerkstraat-Wes, Pretoria, ter aarde bestel. Die "Groot Banneling", wat in sy eie tydsgewrig en selfs vir meer as 'n halwe eeu daarna die geestelike vader van en inspirasie vir die Afrikaner was, het sy laaste rusplek in die land van sy geboorte onder die Suidersterre gevind.¹³⁰

Opsomming

Die Anglo-Boereoorlog het op 11 Oktober 1899, die dag na president S.J.P. Kruger se vier-en-sewentigste verjaardag, uitbreek. Die President was in Pretoria omdat hy weens sy ouderdom nie aktief aan die oorlog kon deelneem nie. As gevolg van die Britse opmars na die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) het die Volksraad tydens sy laaste vergadering aan die begin van Mei 1900 in Pretoria besluit dat die regering en die President na 'n veiliger plek as Pretoria moes verskuif. Machadodorp is as regeringsetel gekies, maar teen die einde van Augustus 1900 was die Transvalers verplig om die regeringsetel na Nelspruit te verskuif. Ter wille van sy persoonlike veiligheid en om die moontlike tussenkoms van die Europese state te verkry, het die Uitvoerende Raad van die ZAR besluit dat president Kruger na Europa moes gaan. Op 11 September 1900 het hy die grens na Mosambiek oorgesteek en vir ietwat meer as 'n maand in die Goewerneurswoning in Lourenço Marques deurgebring, voordat hy op 19 Oktober 1900 onderweg na Europa aan boord van die *Gelderland* gegaan het. Die President se uitwyking na en sy doen en late in Lourenço Marques, asook die Portugese owerheid se optrede jeens hom aldaar, word beskryf.

130. E. Grobler, *President S.J.P. Kruger in Ballingskap in Clarens, Switserland*, pp iii, 22, 26.

Abstract

Paul Kruger in Mozambique, September - October 1900

The Anglo-Boer War broke out on 11 October 1899, the day after President S.J.P. Kruger's seventy-fourth birthday. The President was in Pretoria because he could not participate in the war on account of his age. As a result of the British advance on the South African Republic (ZAR), the Volksraad decided during its last session in Pretoria at the beginning of May 1900, that the Government and the President should move to a safer location than Pretoria. Initially Machadodorp was chosen as the seat of government. However, towards the end of August 1900, the Transvalers were obliged to relocate the headquarters to Nelspruit. The Executive then decided that President Kruger should go to Europe, both for the sake of his personal safety and in order to procure the possible intervention of European states. On 11 September 1900 he crossed the Mozambiquan border and spent over a month at the Governor's mansion in Lourenço Marques, before boarding the *Gelderland* bound for Europe on 19 October 1900. The President's detour to Lourenço Marques and his activities there, as well as the Portuguese government's comportment towards him, are described.

Slutelwoorde

Anglo-Boereoorlog, ballingskap, *Gelderland*, Lourenço Marques, Machado, Mosambiek, Paul Kruger, Portugal, Zuid-Afrikaansche Republiek.

Key words

Anglo-Boer War, exile, *Gelderland*, Lourenço Marques, Machado, Mozambique, Paul Kruger, Portugal, South African Republic.